



Verwysing: 20170110-7136
12/2/13/P
Navrae: JV Bronkhorst

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0003/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Vakadviseurs, Prinsipale en Voorsitters van Beheerliggame

Onderwerp: Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) -oriëntering en praktiese vaardighedsopleiding vir tegniese onderwysers tydens die Maart, Junie- en September 2017-skoolvakansie

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is deur die Departement van Basiese Onderwys versoek om alle skole wat tegniese vakke in die Wes-Kaapse Provinsie aanbied, in te lig oor die implementering van die gespesialiseerde tegniese vakke, insluitend Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskappe vir tegniese skole.
2. Alle skole is via Kurrikulum VOO-minuut DCF 0005/2015 oor die implementeringsdatum ingelig.
3. Die sukses van die implementering van die nuwe tegniese vakke, sowel as Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskappe, is afhanklik van mensekapitaal met die nodige vaardighede en inhoudskennis.
4. Daar is dus 'n behoefte om die vaardighede van die onderwysers, wat die nuwe tegniese vakke sal aanbied, te ontwikkel. Die WKOD het goed toegeruste inrigtings, wat geskik is vir die opleiding van hierdie onderwysers, geïdentifiseer.
5. Dit is dus noodsaaklik dat alle onderwysers by tegniese skole saamwerk om seker te maak dat onderwysers wat Siviele, Elektriese, Meganiese Tegnologie en Tegniese Wetenskappe aanbied, twee vyf dag lange opleidingsessies van Maandag tot Vrydag gedurende die Junie- en September-skoolvakansie in 2017 bywoon.
6. Onderwysers wat geïdentifiseer is om Tegniese Wiskunde aan te bied, moet twee vyf dag lange opleidingsessies van Maandag tot Vrydag gedurende die Maart- en Junie-

skoolvakansie in 2017 bywoon. Die presiese datums en lokale sal binnekort bekendgemaak word.

7. Die KABV se tegniese spesialiseringvakke, Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskappe is in 2016 in graad 10 geïmplementeer. Hierdie vakke sal in 2017 in graad 11 en in 2018 in graad 12 bekendgestel word. Oriëntering en vaardigheidsopleiding vir graad 12-onderwysers moet dus in 2017 plaasvind.
8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers by u skool.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017-01-16